Maandag

Mat. 16:13-20; 28:16-20. Teks: Matteus 16:18. Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie. Wie bou die Kerk van die Here en waarmee word die Kerk van die Here gebou? Jesus Christus openbaring Homself in hierdie teksgedeelte as die Here wa sel sy kerk bou en dit op die geloofsbelydenis in Hom as Christus en Here bou. Ons moet weet wie die Kerk bou en hoe die Kerk gebou word. Veral in hierdie tyd waarin elkeen die kerk van die Here wil reg kry, verander, oormaak of mee wil oor begin met hulle eie godservarings, en geestelike menings, visies en missies. Die Christelike Kerk wêreldwyd word vandag ontwrig deur mense wat voorgee dat hulle met hulle ondernemings die oorspronklike kerk wat begin het soos beskryf Handelinge weer hervestig. Daarom moet ons weet wie bou die Kerk van die Here en waarmee word sy kerk gebou? Die verskil tussen die Here se Kerk en mense se geestelike organisasies kan ons toelig met die voorbeeld van die verskil tussen regte huise in woongebiede en plakkershutte in plakkerskampe. Die werklike verskil tussen regte huise en plakkershuise is: wie bou, hoe word gebou en waarmee word gebou! Regte huise word gebou deur ŉ bouer, met ŉ argiteksplan en met die regte bou materiaal. Met plakkersgehuggies is elkeen sommer ŉ bouer, en die enigste plan is sommer die beeld wat elkeen in sy eie gedagtes en gevoelens vorm van hoe sy gehuggie moet wees, en die boumateriaal is sommer enige iets wat rondlê en waarop ŉ mens vinnig jou hand kan lê. Die Here Jesus is die regte bouer van die kerk, wat die kerk volgens die regte argiteksplan bou en die kerk met die regte materiaal bou. Geestelikes wat weer die kerk wil oor begin. is elkeen sommer self ŉ kerkbouer, wat sý kerk bou volgens sy ervarings, menings, visies en missies. Ons is deel van die kerk van die Here, nie inwoners van geestelikes se plakkersgehuggies in plakkerskampe nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Dinsdag

Mat. 16:13-20; 28:16-20. Teks: Matteus 16:18. Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie. Jesus Christus bring ŉ skeiding tussen mense wat iets oor oor Hom te sê het en sy dissipels wie in Hom glo. Mense se menings, indrukke en belewenisse van Hom is onpersoonlik. Hulle het menings oor indrukke van "die Seun van die mens". In vandag se taal sou dit wees: dit wat mense oor daardie man te sê het". Van sy dissipels vra die Here iets anders; ŉ geloofsbelydenis met die vraag: "Wie sê julle is Ek?", anders as die onpersoonlike "Seun van die mens". Sy dissipels bely hulle geloof in Hom. Hier verklaar hulle vir die eerste keer openlik hulle geloof in Hom as die Christus en as die Seun van die Lewende God, ooreenkomstig die Dawidsbelofte se "Twee-Seuns" belofte in 2 Samuel 7: die Seun van Dawid en die Seun van God die Vader. Ons moet altyd elke deel van die Matteus-evangelie saamlees met Matteus 28 verse 16 - 20, omdat die volle openbaring van elke teks plaasvind in die Here se openbaring na sy opstanding as Here met alle mag (Dawidsbelofte), en Here wat altyd met ons is (Abrahamsbelofte.) Wat is die verskil tussen die verklarings van mense oor Jesus en die geloofsbelydenis van Jesus se dissipels in Jesus? Die menings en indrukke oor Jesus gaan oor hulle eie spirituele behoeftes. En ŉ geloofsbelydenis? Die Here wys dat ŉ geloofsbelydenis in Hom as die Christus is alleen deur die openbaring van God die Vader. God se openbaar is nie ŉ demonstrasie van God oor sy Godheid nie Dit is nie ŉ aanskoulike bekendmaking nie. Dit is om ingesluit te word in die verbondsliefde van God wat Christus vir sy dissipels waarmaak in die toesegging: "Ek is met julle". (Mat. 28: 20) Die geloofsbelydenis in Christus uit sy liefde waarin Hy

ons insluit en laat deel. En dit is nie ŉ mening of ervaring van die man nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Woensdag

Mat. 16:13-20; 28:16-20. Teks: Matteus 16:18. Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie. Wie bou die Kerk, hoe word die kerk gebou en waarmee word die kerk gebou? Christus bou die Kerk! Net Christus bou die kerk (tempel) volgens die Dawidsbelofte want net Hy is terselfdertyd die seun van Dawid en die seun van God, net Hy sit ewig op die troon aan die regterhand van God en net hy leef vir ewig om die kerk in stand te hou. Niemand anders bou die Kerk van die Here nie. Niemand kan hulle teenoor, of in die Naam van die Here, as kerkbouers verklaar nie. Hoe bou Christus die kerk? Deur die Abrahamsbeloftes te vervul en waar te maak in sy kinders se lewens. Die argiteksplan waarvolgens Christus die kerk bou is die verbondsbeloftes van God: om ons uit alle nasies te versamel, ons te reinig van sonde, ons ŉ nuwe hart en gees te gee, ons ou hart te verwyder, sy Gees in ons te gee sodat ons uit die geborgenheid van sy liefde ons aan sy wet kan verbind. (Eseg. 36: 24 -) Daar kan geen ander ontwerp of plan wees waarvolgens God se kerk gebou kan word nie. Waarmee bou Christus sy kerk? Deur alles wat hy gedoen het van sy geboorte tot sy wederkoms. Hierdie dade van Christus rig die kerk op en vestig die kerk in die beloftes van God. Die kerk kan met niks anders gebou word nie. Nie drome, ideale, ervarings, visies of missies nie. Daarom openbaar die Here in Matteus 16: op hierdie rots bou Hy sy kerk – die geloofsbelydenis in hom as Christus en Seun van God. Op die belydenis van die Here as die Christus, wat gely en uit die dood uit opgestaan het en daarom met volmag ons laat deel in die belofte van God se genade! Op hierdie geloofsbelydenis uit die hart en met die mond, bou Christus sy kerk. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Donderdag

Mat. 16:13-20; 28:16-20. Teks: Matteus 16:18. Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie. Ons kan na vier kenmerke van die kerk van die Here kyk teenoor mense se geestelike inrigtings! 1. a Die Here bou self sy Kerk en hy bou dit op die geloofsbelydenis in Hom. In die toesegging "Ek is by julle", versamel die Here sy kinders by Hom, om met Hom te wees en te leef. In en deur hierdie geloofsbelydenis is die die Kerk die Here se liggaam. 1. b Wat doen die Here in en deur die ervarings en verklarings van mense oor Hom? Absoluut niks! Nou wat gebeur dan as mense in massabyeenkomste en gemeenskappe rondom hierdie drome, ervarings en verklarings byeenkom? Dit is soos met die bou van plakkershutte in plakkerskampe. Dit is geestelikes en morele leiers wat vir hulle hul eie gemeenskappe en byeenkomste byeenbring, maar God doen niks in so ŉ plakkerskamp van geestelike ervarings en verklarings, absoluut niks nie. 2.a In die geloofsbelydenis in Hom maak die Here sy kinders teenoor hom aanspreeklik. Daarom kan hulle alles wat Hy sê onderhou. (Mat. 28: 20) "Leer" gaan oor die lewenswyse van "oorvloedige geregtigheid" volgens die Bergrede: om in die geregtigheid van Christus, jouself in liefde aan God te kan toewy omdat Hy hierdie liefde vir Hom volmaak laat wees. Ons kan in alles aanspreeklik teenoor die Here leef, want alles wat ons is en doen, is in Christus vir God volmaak. 2.b. Wat leer die Here Jesus Christus mense deur spirituele ervarings en verklarings oor Hom? Absoluut niks! Hulle ervarings en verklarings oor Jesus stel mense nie aanspreeklik teenoor die Here nie, maar skuldig voor God. Dit is die krag van elke en alle

plakkersgemeenskappe - skuld! In en deur hulle skuld is hulle onaantasbaar en bemagtig om aan geen reël van enige woonbuurt onderhewig te wees nie. Geestelikes bemagtig goddeloses met skuld om sonder aanspreeklikheid teenoor God se wet te leef. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Vrydag
Mat. 16:13-20; 28:16-20. Teks: Matteus 16:18. Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie. 3.a. In en deur hierdie geloofsbelydenis skep die Here in sy kinders aanbidding. Dit is wat gebeur as die Here se dissipels Hom op die berg ontmoet: hulle gaan op hulle knieë en aanbid Hom as Here. In en deur die kennis en vertroue van Jesus as die gekruisigde en opgestane Christus en Seun van God, aanbid gelowiges Christus as God. (Mat. 28: 18) In en deur die geloof in Hom, bou Christus die kerk op in aanbidding. 3.b Christus doen absoluut niks deur mense se ervarings en verklarings oor Hom nie. . In hierdie plakkerskamp-geestelikheid aanbid mense nie Christus nie, maar identifiseer mense met God se krag, mag, wil en sy persoon. Elke geestelike wil met hulle ervarings en menings mense bemagtig om een met God se goddelikheid te wees. Om een met God in sy Godheid te wees, is ontering van God en nie aanbidding nie. In die plek van aanbidding van God, kom die verering van geestelike leiers, plakkerskamp-leiers! 4. a In en deur die geloofsbelydenis in Hom, maak die Here sy Kerk ’n openbare instelling in die wêreld, net soos wat Hy die owerhede van die wêreld as openbare instellings skep. Die kerk word altyd na die nasies gestuur. (Mat. 28: 18) Hierdie nasies is sý nasies, want Hy is die Here van, en het alle mag oor alle nasies. Geen nasie is ’n grootheid buite sy Heerskap, op so wyse dat hulle die Kerk uit die openbare wêreld kan weer nie. 4.b**.** Deur mense se ervarings en verklarings oor Hom, doen Christus absoluut niks! Daarom is al hierdie geestelike instellings altyd net persoonlike kultusse. Dit is geestelikhede wat niks met die werklikheid van die Kerk of gemeenskap te doen het nie. Hulle ervarings en verklarings van Jesus isoleer hulle van wie die Here van alle nasies is, en van wie die Here van die Kerk is. Hulle is nie kerk of gemeenskap nie. Hulle is niks. Net plakkerskampe in God se kerk en wêreld. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus

Saterdag ekstra
Mat. 16:13-20; 28:16-20. Teks: Matteus 16:18. Tema: Christus bou sy Kerk op die geloofsbelydenis in Hom, nie op geestelike menings en ervarings nie. Ons ken hierdie drif vandag – owerhede wat plakkerskampe tussen en binne woonbuurte wil vestig met die doelwit om te wys dat almal is dieselfde en almal moet gelyk behandel word. Maar met die duidelike onderskeid dat plakkers nie belasting gaan betaal, gratis water en krag verbruik gaan kry en nie vir hulle vuilisverwydering aanspreek gehou gaan word nie - - omdat hulle onderdruktes van die rykes is. Wat gaan gebeur as jy plakkers kampe in woonbuurtes gaan laat oprig? Gaan die woonbuurt ’n plakkerskamp word en die plakkerskamp ’n woonbuurt? Jy gaan net woonbuurte belas met die eise van plakkers – maar inwoners en plakkers word nooit dieselfde nie. Die onderskeid tussen wie bou en waarmee word gebou word nie weggevat al jou die bouwerke by mekaar, langs mekaar en tussen mekaar oprig nie. Die geestelikes van vandag wil van die kerk wat die Here bou en mense se persoonlike kultusse een kerk maak – almal saam in een woonbuurt! Dit wil hulle doen deur ons geloofsbelydenis in Jesus Christus as ons Here voor te hou as net ons eie mening, ons eie ervaring en ons eie belewenis waarmee vir ons ’n God aanmekaar gesit het.

Dit is die diepste ontkenning wat daar in hierdie drif plaasvind – dat Jesus Christus besig is om sy kinders in te sluit en te laat deel in die liefde van God. Is dit ooit moontlik om ons te oortuig ons het self die kerk van die Here gebou met menings en ervarings? Dit is soos om mense in huis te oortuig hulle het hulle huis maar net soos plakkers gebou, sonder argitek, sonder argiteksplan, sonder die regte boumateriaal, sommer maar net met alles wat jyself kon raap en skraap! Wie gaan ooit hierdie gelykstelling van waansinnige mense glo? Ons is die kerk gebou deur die Here, volgens sy argiteksplan en met sy boumateriaal. Ons glo Christus! Ons het nie ŉ eie kerk geraap en geskraap uit mense se ervarings en menings nie. Preek beskikbaar op Google by ngkerklevubu.co.za Ds. Petrus